

Saterdag 22 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 2:1-11

Fokusgedeelte: Filippense 2:5

Fokus op 'n gesindheid van selfvernederings en naastediens

Ons is besonder begenadigde gelowiges. Ons is getroos, omdat ons vas aan Christus is. Ons het saam met Hom gesterf en opgestaan. Ons word deur sy liefde aangespoor en leef in 'n innige band met die Heilige Gees. Ons het die gawe van meegevoel en meelewing ontvang. Daarom kan die Here van ons vra dat dieselfde gesindheid wat in Christus was, ook in ons moet wees.

Die gesindheid word in selfverloëning saamgevat. Christus, die Seun van die heilige God, het Homself verneder deur selfs die vervloekte kruisdood ter wille van ons te ondergaan. God het Hom tot die hoogste eer verhoog deurdat Hy nou aan sy regterhand sit en regeer. Omdat ons verlos is, kan ons in sy voetspore loop en onself verneder deur teen selfsug te veg, deur te waak dat ons eie eer soek en deur selfsugtig net aan ons eie belange te dink.

Ons kan met medegelowiges, al verskil ons van persoonlikhede en van kultuur, een wees in liefde, een van hart en een van strewes, omdat Christus deur sy Gees ons daartoe in staat stel. So kan ons onself verneder deur ander hoër te ag as onself en hulle te dien, asook hulle belange op die hart te dra. Dit is die gesindheid wat Christus van Homself aan ons bekendgemaak het.

In die moeilike tyd van verdeeldheid kan die strewes om Christus se gesindheid uit te leef ons as Christene in 'n hegte eenheid saambind. Mag die genadige God ons help om op 'n gesindheid van selfvernederings en naastediens te fokus!

Sing: Psalm 133:1, 2 (2001)

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)